# Perspektiewe op 'n kontemporêre gereformeerde bediening

Johan Janse van Rensburg
Departement Diakoniologie
Universiteit van die Oranje-Vrystaat
BLOEMFONTEIN

**Abstract**

**Perspectives on a contemporary reformed ministry**

*It seems as though certain protagonists in the renewal movement, necessitated by new challenges and circumstances facing the Church, take their point of departure in the assumption that a Reformed ministry, structured according to a diaconiological paradigm, can no longer meet the challenges of today. This way of thinking is based on the shift to the Practical Theological paradigm, emphasizing the empirical methodology of the Reformed doctrine and spirituality. This article thus argues that a dynamic approach to Reformed ministry can indeed meet the challenges of today. Parameters for such a Reformed ministry are identified, taking into account that any form of renewal should be true to Reformed theology.*

## 1. Inleiding

Gereformeerde bediening word tans onder druk geplaas. Hierdie aanname blyk onder andere uit die volgende:

* In talle stedelike en makrogemeentes is 'n merkbare afname in gemeentelike betrokkenheid sigbaar (Smuts *et al.*, 1993:43).
* 'n Merkbare toename in die beweging na charismatiese groepe kom voor. Al sou lidmate nie lidmaatskap by hierdie groepe aanvaar nie, word eredienste en byeenkomste van charismatiese groepe toenemend deur noemenswaardige getalle gereformeerde lidmate, veral jongmense, bygewoon. Dikwels word ook na 'n charismatiese spiritualiteit gegryp om 'n atmosfeer van vernuwing te skep. Die uitgangspunt is dan skynbaar dat 'n gereformeerde leer en bedieningstyl nie in staat is om hedendaagse gemeentelike uitdagings te hanteer of vernuwing in die erediens te bewerkstellig nie.

Die probleem met so 'n benadering is dat die gereformeerde teologie *van Bo* en die gereformeerde spiritualiteit, gefundeer in die belydenisskrifte en die Reformatoriese *solusse*, nie so maklik met die charismatiese spiritualiteit versoenbaar is nie. Dit gaan hier naamlik om 'n charismatiese klemverskuiwing. Die aksent word verplaas van dit wat God in sy heilshandelinge sy gemeente *aandoen* (Theron, 1978:46) na dit wat die mens kan doen om selfs sy eie wedergeboorte te bewerk en die gawes van die Gees te presipiteer (Janse van Rensburg, 1986:29-33). Hierdie benadering kom neer op die dwaling van die Pelagianisme en Semi-Pelagianisme wat deur die Dordtse Leerreëls verwerp is (Dordtse Leerreëls 3/10-14 en die verwerping van die dwalings punt 6-9; Heyns, 1978:93).

Daarbenewens kom die mens se obsessiewe behoefte aan ervaring as bevestiging van sy geloof gevaarlik naby aan die *syllogismus practicus* van die Nadere Reformasie. Die preokkupasie met subjektiewe ervarings (Graafland, 1961:145) kan maklik tot 'n heilsegoïsme aanleiding gee wat net op die individuele saligheid konsentreer (Berkouwer, 1967:410-413). Só word die klem weer van die sekerheid in die handelende God na die handelinge van die mens sélf verskuif.

Teen hierdie teologiese agtergrond behoort Burger (1992:21-22) se pleidooi dat ruimte geskep moet word vir 'n ekumeniese spiritualiteit wat verskillende wyses van geloofsbelewing akkommodeer, bevraagteken te word. Daarbenewens behoort die praktyk wat reeds in sommige gemeentes bestaan om die liturgie van die erediens op 'n charismatiese wyse in te klee, as teenstrydig met die gereformeerde leer en spiritualiteit bestempel te word (Britz, 1995:7). Dit is immers nie moontlik om 'n vreemde spiritualiteit in 'n gereformeerde erediens in te dra sonder om die konfessionele gebondenheid geweld aan te doen nie (Strauss, 1995:5, 211). Vernuwing in die erediens sal dus konsekwent kongruent met die eiendomlike van die gereformeerde liturgiese tradisie moet plaasvind (Strauss, 1995:96-98, 191).

Die bedreiging van die gereformeerde leer en spiritualiteit in die erediens het egter 'n dieper fundering. Die vrug van 'n paradigmaverskuiwing na Praktiese Teologie as handelingswetenskaplike dissipline hou volgens Louw (1992:120) ook in dat daar weg van die bewarend-vermanende funksie van die kerk met betrekking tot die suiwerheid van die kerkleer en belydenisskrifte beweeg word na die kritiese funksie van die kerk in die samelewing. Toekomstige vernuwing in die bediening wat vanuit 'n handelingswetenskaplike teorievorming gestruktureer word, sal met ander woorde die leersuiwerheid in 'n gereformeerde konteks irrelevant maak. Indien die behoud van 'n gereformeerde bediening dus nog vir kerke met 'n gereformeerde belydenis

belangrik is, sal die akkommodasie van 'n ekumeniese spiritualiteit sonder twyfel met agterdog bejeën moet word.

Daar is tans ywerige pogings om gemeentelike agteruitgang te ondervang deur allerlei gemeenteopbou- en evangelisasiekursusse te implementeer. Natuurlik is daar nie met gemeenteboukursusse *per se* fout te vind nie. Die gevaar is egter dat 'n dwangneurose van vernuwing daartoe kan lei dat verandering vinnig en radikaal gestruktureer word, met die uitdruklike veronderstelling dat alles wat in die verlede plaasgevind het, onbruikbaar geword het. Nel (1993:117) verwys in hierdie verband na 'n vorm van masochisme wat 'n behae daarin skep om die *status quo* só te verander dat daar eerder van vernietiging as vernuwing sprake is. Daar is dus sekere "neigings" in gemeentebou wat syns insiens kommerwekkend is (Nel, 1995:8).

Op eksperimentele basis word die besondere amp in sekere vernuwingsaksies deur die algemene amp van die gelowige verdring. Hoewel die praktyk om die besondere ampte in 'n kerkraad te verminder en met hulpkragte te vervang nog net op 'n klein skaal in die Ned. Geref. Kerk toegepas word, blyk dit tog dat die meeste predikante in die Ned. Geref. Kerk (nl. 40 %) voorkeur gee aan 'n blokstelsel met een ouderling en diaken, gesteun deur hulpwerkers. Dit dui daarop dat daar tans 'n spanning is tussen die praktyk en die voorkeure van die geestelike leiers in die gemeente (Smuts *et al.*, 1993:71-72). Dit kan verwag word dat hierdie spanning tot 'n groei in die toepassing van die predikante se voorkeur sal lei.

Dit wil voorkom of hierdie wegbeweeg van 'n klerikale/amptelike kerkmodel eweneens aan die paradigmaverskuiwing na 'n kommunikatiewe handelingswetenskaplike benadering toegeskryf moet word (Louw, 1992:120). Daarbenewens moet dit teen die agtergrond van die uitdruklike keuse *vir* die liggaam-van-Christusmodel en *teen* die herder-kuddemodel beskou word, 'n oordeel wat deur Britz (1995:7) gedeel word. Erasmus (1995:73-75) wys naamlik daarop dat die gemeenteboubenadering skynbaar op die veronderstelling gebaseer is dat die herder-kuddemodel 'n hiërargiese ampsbeskouing ten koste van die algemene amp bevorder. Die keuse vir die liggaam-van-Christusmodel vanuit 'n handelingswetenskaplike benadering lei aldus Erasmus (1995:76) onafwendbaar tot die degradering van die leraarsamp. Die leraar word 'n blote bestuurder en funksionaris wat as entrepeneur bloot op die periferie van die gemeentelike bediening figureer en die lidmate toerus (vgl. L. Heyns, 1993:133).

Dit kan inderdaad nie betwyfel word dat die bestuur van die gemeente volgens sekulêre bestuurstyle hoog op die agenda van 'n Prakties-Teologiese benadering

is nie. In hierdie teorievorming word die Bybelse waardes soos die geestelike kwaliteit van die gemeente en die werk van die Heilige Gees erken. Tog word dit uitdruklik gestel dat hierdie geestelike waardes nie die bestuur van die gemeente mag oorheers nie en ook nie tot die vormgewing aan 'n eiesoortige Bybelse bestuurstyl mag lei nie. Heersende en aanvaarde bestuursteorieë van die samelewing moet eerder aangepas en benut word (L. Heyns, 1993:128). Hoewel dit nie ontken kan word dat baie van sekulêre bestuurstyle geleer kan word nie, moet daar tog teen die tendens gewaak word om die aksent veel meer op die sosiale verskynsel van bestuur te laat val as op die beginsels wat uit die Bybel vir 'n gemeente van Jesus Christus afgelei kan word. Daar is immers 'n wesenlike gevaar dat die mens en sy insette (nogeens 'van onder') groter klem en aandag ontvang. Vergelyk in hierdie verband L. Heyns (1993:129-131) se aansluiting by die mensverhoudingsteorie en die daaruit voortvloeiende keuse vir die liggaam-van-Christusmodel ten koste van die herder-kuddemodel. Só kry gemeentelike bestuur maklik 'n antroposentriese vertrekpunt en klem terwyl die feit dat Christus self sy kerk in stand hou, al hoe meer vervaag. Dit is nie sonder rede nie dat Nel (1993:116) teen 'n verabsolutering van die sosiologiese aspekte van die gemeentelike bestaan waarsku. Die gemeente as sosiologiese werklikheid moet ernstig geneem word, maar dit is nie vir die gemeente gesaghebbend en so deurslaggewend as wat God in sy Woord openbaar nie. Nel is in hierdie opsig dus veel nader aan die gereformeerde *Sola Scriptura* as hoogste norm vir bedieningsvernuwing.

Die gevolg van die nuwe bestuursbenadering is dan dat kerkrade ten gunste van dienswerkers verklein word (Erasmus, 1995:82) en dat 'n klemverskuiwing na kategoriale bediening plaasvind (Erasmus, 1995:80-81). Só word 'n nuwe kerkbegrip 'van onder' gestruktureer wat in skrille kontras met die gereformeerde belydenis 'van Bo' is (Erasmus, 1995:86). Op hierdie wyse word die gereformeerde *Sola Scriptura* met 'n vernuwende *Sola Ecclesia* vervang (Erasmus, 1995:130-131).

Uit voorafgaande behoort duidelik te blyk hoe belangrik dit is om die probleme waarvoor die kerk gestel word in perspektief te plaas ten einde die gevaar van oorreaksie te vermy en te voorkom dat ondeurdagte (Nel, 1995:8) en ongereformeerde aanpassings in die gemeentelike bediening gemaak word. Dit sou naamlik foutief wees om genoemde probleme as 'n unieke verskynsel van ons tyd te beskou. Dekades gelede was dit al duidelik dat die sogenaamde geïnstitueerde kerk vele tekortkominge openbaar en dat daar ernstig aan die kerk gewerk sal moet word. Die scenario wat Kaptein (1971:7) van die kerk in Nederland skets, kom in vele opsigte ooreen met die scenario van die Ned. Geref. Kerk van vandag: 'n drastiese afname in bywoning van eredienste,

kwynende belangstelling in kategese en gemeentelike betrokkenheid, huisbesoek wat in baie gemeentes in onbruik geraak het, nuwe inisiatiewe tot gemeentelike vernuwing wat op niks uitloop nie en vermindering van predikantsposte terwyl die getalle van gemeentes toeneem (vgl. ook Müller, 1954:19-42). Die reaksie op die problematiek was destyds net so radikaal-vernuwend. Die wenslikheid van die vervanging van gemeentes met huisgemeentes is toe alreeds oorweeg, iets waarteen Allan (1958:46-51) 'n waarskuwingswoord laat hoor het.

Hoewel hierdie nuwe scenario wat deur 'n moderne samelewing aan die kerk opgedring sou word, tog nie onverwags was nie (Van Riessen, 1973), is dit moontlik dat die konsekwensies van sekularisasie, industrialisasie en verstedeliking (Marais, 1969:210-213; Louw, 1980 en Smuts, 1982:271- 280) nou eers werklik vir die kerke in Suid-Afrika konkreet duidelik word. Die kerk moet in sy uitdaging tot vernuwing met hierdie historiese wordingsproses rekening hou.

## 2. Probleemstelling

In die lig van die voorafgaande word die kerke met 'n gereformeerde belydenis en bediening dan voor 'n aantal kritiese vrae gestel:

* Is die gereformeerde bediening nog in staat om die uitdagings van die moderne tyd te hanteer en die behoeftes van lidmate in 'n tyd soos hierdie aan te vul?
* Indien die gereformeerde bediening vernuwing moet ondergaan, hoe moet daardie vernuwing gestruktureer word sonder om aan die gereformeerde leer en spiritualiteit ontrou te word?
* Moet die kerk van binne-uit omgekeer word soos Hoekendijk (1964) voorgestel het? Moet die pleidooi van Winter (1963:45-49) dat 'n proses van sekularisasie binne die kerk nodig is om die kerk van klerikalisme, institusionalisme en dogmatisme te bevry, ernstig geneem word? Wat laasgenoemde betref, nog verder: Kan die kerk hom versoen met die nuwe benadering dat daar nie langer op leerstellige suiwerheid aangedring behoort te word nie?

Hierdie vrae het ernstige konsekwensies wat vanuit 'n navorsingshipotese verdere aandag verdien.

## 3. Navorsingshipoteses

Die oplossing vir die probleme en uitdagings wat geïdentifiseer is, is volgens sommige inderdaad 'n totaal nuwe bedieningstyl en 'n radikale breuk met ou bedieningstyle word as enigste moontlikheid beskou. Daar word ernstig teen 'n "terugkeer na die ou Egipte" gewaarsku (Hoekendijk, 1964:175-176).

So eenvoudig is dit egter nie. Daar is baie redes waarom die bediening tans krisistye beleef. Burger (1992:12-22) tipeer die uitdagings teen die agtergrond van 'n politieke oorgangsfase waarin 'n negatiewe ekonomiese groeikoers en sosiale verbrokkeling die vernaamste rolspelers gaan wees. Hierdie omstandighede sal na verwagting daartoe lei dat 'n afname in godsdiensbeoefening 'n teelaarde vir die opkoms en groei van meer fanatieke en apokaliptiese godsdiensrigtings sal skep. Só 'n verwagte scenario, wat klaarblyklik reeds besig is om te realiseer, plaas die afname in gemeentelike betrokkenheid en die toename in belangstelling in charismaties-georiënteerde groepe in 'n meer omlynde konteks.

Teen hierdie agtergrond is die navorsingsvermoede van die ondersoek dat die agteruitgang in talle gemeentes *nie sonder meer aan 'n 'ou' en uitgediende gereformeerde bedieningstyl toegeskryf kan word nie.* Aangesien die gereformeerde ampsbediening diakoniologies op Skrifbeginsels gefundeer is, is daar rede om te aanvaar dat 'n gereformeerde bediening steeds geldig is om die unieke uitdagings van die hedendaagse bediening effektief te hanteer. Hierdie benadering staan dan direk teenoor die paradimaverskuiwing wat gemeentebou vanuit 'n handelingsisteemteoretiese benadering wil struktureer en die Skrifbeginsels, gereformeerde leer en spiritualiteit nie as vertrekpunt en einddoelwit wil beskou nie.

Dit moet egter duidelik gestel word dat die diakoniologiese vertrekpunt nie 'n stagnering in geykte bedieningstyle bepleit nie. Die gereformeerde bediening sal aan sekere noodsaaklike voorwaardes moet voldoen indien effektief aan die eise van vandag aandag gegee wil word.

## 4. Parameters vir 'n gereformeerde bediening

Aan watter vereistes sal 'n gereformeerde bediening dan moet voldoen ten einde die gereformeerde leer op so 'n wyse in 'n gereformeerde bedieningstyl te integreer dat dit mense se eksistensiële behoeftes vervul, sonder om aan die Skrif en die Belydenisskrifte ontrou te word? Die volgende parameters verdien noukeurige oorweging:

## 4.1 Die gereformeerde karakter van die bediening mag nie verraai of verruil word nie

Vernuwing veronderstel soms ook aanpassings en selfs radikale veranderings. Daarteen kan geen beswaar ingebring word nie. Daar is egter 'n belangrike voorwaarde. Die vernuwing en veranderings mag op geen wyse die beginsels van die gereformeerde leer en gereformeerde spiritualiteit aantas of in gedrang bring nie. In hierdie verband is die volgende belangrik:

### 4.1.1 Die bediening moet Trinitaries begrond word

Die drie-enige God is die primêre handelende subjek van die bediening (Velema, s.j.:27-32; Heyns, 1986:42-48; Louw, 1984:47-48; Hendriks, 1992:40-58; La Cugna, 1991). *God die Vader* is die almagtige wat in sy vrymag kan doen wat Hy wil. Hy is in staat om vernuwing te bring waar predikante, kerkrade en lidmate reeds wanhoop. *Die Seun* maak vir Hom 'n gemeente bymekaar deur sy Gees en Woord (die Heidelbergse Kategismus Sondag 21) terwyl ons die intermediêr (Firet, 1977:25-28) mag en moet wees. 'n Eensydige klem op die rol van die pastor en sy vaardighede of 'n oormatige vertroue op gemeenteboustrategieë relativeer naamlik die Goddelike ingrype van bo, om 'n uitdrukking van Barth te gebruik. So 'n benadering kan maklik vanweë 'n verswakte teologiese onderbou tot 'n verabsolutering van menslike pogings in vindingrykheid en kraginspanning lei (Hendriks, 1992:124-125). As die aksent weer eensydig op God se werk val, kom die verantwoordelikheid van die mens nie in die spel nie. Gibbs (1981:363-364) verwys in hierdie verband na 'n leierskapstyl wat getuig van 'n *laissez faire*-benadering. Hierdie leier vertoon 'n onverskilligheid en onafgerondheid wat sy gebrek aan entoesiasme verraai. Hy skuil onder die dekmantel dat die Here tog self vir sy kerk sal sorg. Die lerende en pastorale aspekte van sy leierskap word onoortuigend en haastig afgehandel. Nodeloos om te sê dat so 'n leier nie volgelinge sal hê nie. Wanneer die God/mens-gebeure egter in die kragveld van 'n polêre spanning gestel word, gebeur daar in die bediening iets wat tot 'n prinsipiële wederkerigheid kan lei, met die voorbehoud dat die God/mens-spanning nie as 'n gelyke vennootskap benader mag word nie (Louw, 1984:21-26).

Ons moet dus as sekondêre subjek die werk van die bediening aanpak *asof* dit alles van ons afhang, maar ons mag in laaste instansie tog ook rus vind in die wete dat dit God is wat laat groei (1 Kor. 3:6). So 'n uitgangspunt plaas meteens die pastoraat in 'n pneumatiese konteks (Rebel, 1981:209) en ken aan *die Heilige Gees* die belangrike plek toe wat Hy as bewerker van die heilsweg (Bavinck, 1928:320; Kuyper, 1927:391-398; Wiersenga, 1952:7) in die

gemeentelike bediening beklee. Nel (1993:117) neem tereg sy uitgangspunt vir gemeentelike vernuwing in die pneumatologie. Só 'n benadering bevry ons ook van die charismatiese obsessie om die mens en sy beslissings meer te beklemtoon as die genade van die getroue Verbondsgod wat Hy ons in sy troue liefde deur sy Gees deelagtig laat word het. Ook word ons bevry van die dwang om die 'sukses' van die bediening totaal afhanklik van uiterlike en sigbare tekens te maak.

### 4.1.2 Die Heilige Skrif en belydenisskrifte moet behoorlik verdiskonteer word

Voorafgaande veronderstel dat met die Skrif en belydenisskrifte as die sentrum en fundering van die bediening weer erns gemaak sal moet word. Daar is naamlik aanduidings van die verskraling of bevraagtekening van die waarhede van ons belydenisskrifte – 'n bevraagtekening wat geloofsverwarring en twyfel tot gevolg het. Daar is ook al hoe meer bewys dat die nuwere pastorale benadering meer put uit die bron van die menswetenskap en 'n algemene Pelagiaanse vertroue op die innerlike vermoëns van die mens as om die Woord as bron van hoop en troos te benut (Hielema, 1975:230-259).

Die Bybelse beeld van die mens as sondaar wat in sy natuur verdorwe en vir alles van God afhanklik is (Heidelbergse Kategismus Sondag 2 en Sondag 24), word vervang deur 'n veralgemenende antropologie waarin die menslike potensiaal vooropgestel word (Allen, 1986:180-182). Hierdie antropologie lei tot 'n optimistiese oorskatting van die mens se vermoë om tot sy eie verlossing en genesing by te dra, iets wat so kenmerkend van die sogenaamde Pastoral Counseling Movement in die algemeen en Hiltner se eduktiewe model in die besonder is (Hielema, 1975:76-91).

In hierdie benadering word die mens se selfbeeld gebou sodat hy goed oor homself kan voel. In ooreenstemming met die nondirektiewe en kliëntgesentreerde benadering van Rogers word die mens gehelp om homself te help (Rebel, 1981:216-219; Rossouw, 1983:30-37; De Klerk, 1978:35-37). Teen so 'n komplementarisme, wat eweneens inherent aan Heitink se bipolêre model kleef, het Louw (1984:23) ook gewaarsku. Dit is syns insiens beter om in aansluiting by T.C. Oden met 'n *analogie van die geloof* te werk en nie met 'n *synsanalogie* wat op die mens se goddelike vermoëns aanspraak maak om tot genesing te kom nie (Louw, 1984:14)

### 4.1.3 Die gereformeerde leer moet in die lewens van lidmate en in die samelewing gekontekstualiseer word

Indringende ondersoek is nodig om vas te stel of ons werklik daarin slaag om die dogmatiese waarhede van die gereformeerde leer by ons lidmate tuis te bring. Weet ons lidmate watter troos die leer van die uitverkiesing bring? Verstaan hulle die wonder van God se genadeverbond en die heerlike beloftes daarvan vir ons en ons kinders (Hand. 2:39; De Klerk, 1985)? Waarom gryp al hoe meer lidmate na die grootdoop as 'n sogenaamde stap van gehoorsaamheid terwyl die verbond juis 'n andersoortige gehoorsaamheid veronderstel? Begryp lidmate watter relevansie die Skrif en belydenisskrifte vir gelowiges het wat in 'n tyd soos hierdie worstel met teenspoed (vgl. die Heidelbergse Kategismus Sondag 10) in die vorm van werkloosheid, politieke onstabiliteit en morele verval? Leef ons lidmate werklik uit die vreugde van God se *genade* (Ef. 2:8) soos wat die Reformasie se *solusse* dit so treffend en eenvoudig saamvat? As ons nie daarin slaag om die troos van die Skrif en die belydenisskrifte by die nood van ons tyd uit te bring nie, sal die proses van sekularisme die kerk in sy gereformeerde gestaltegewing nog meer irrelevant vir die wêreld maak.

## 4.2 Die bediening moet 'n eskatologiese gerigtheid hê

Teologies is dit reeds 'n uitgemaakte saak (Heyns, 1978:400-403) dat ons die beproewende tye as "voorlaaste dinge" sal moet tipeer en benader. Die volle implikasies van die eskatologie was selde so relevant en nodig as juis nou. Vir die mens in nood, beproewing, spanning en bekommernis bring 'n eskatologiese bediening nie alleen die belofte van hoop nie, maar ook die aanmoediging om in die Christelike hoop te volhard (Louw, 1984:39). Daarom moet die eskatologie baie sterker en by meer geleenthede as by sterwensbegeleiding en begrafnisse figureer.

'n Eskatologies-gerigte bediening impliseer egter nie wêreldontvlugting nie. 'n Gemeente wat eskatologies gerig is, word juis met 'n nuwe en ongekende ywer na die wêreld gestuur om die koningskap van Christus oor elke lewensterrein te proklameer (Kuyper). Dit beteken ook dat ons rentmeesterskap in die wêreld, wat deur Christus so dikwels met die koninkryk in verband gebring is (Matt. 20:1-16; Luk. 12:35-48), ons met groter toewyding laat werk om ons gebed om die koms van die koninkryk te laat realiseer. Treffend stel Heyns (1978:403) dit soos volg:

> Soos hy met verwagting uitsien na die toekoms, so sal sy aktiwiteite in die hede verhoog – want in die hede is hy besig om te boetseer aan die gestalte van die toekoms. Só word die arbeid van die gelowige ... sélf tot 'n

begeleidende teken van 'n dieperliggende geestelike gebeure in sy lewe, naamlik sy beslissing vir Christus en sy gewilligheid om as mede-arbeider diensbaar te wees aan die koms van die koninkryk.

Die kerk word dus opnuut opgeroep om met groter ywer en gehoorsaamheid by die barmhartigheidsdiens van Christus betrokke te raak (Karres, 1969:61-63; 72-82; De Klerk, 1976:6-19) en so as kosmies-eskatologiese teken van die koninkryk in die wêreld te figureer (Theron, 1978:79-120). Die diakoniese taak van die kerk is sonder twyfel een van die hoogste prioriteite in 'n toegespitste hedendaagse bediening (Burger, 1992:20--21).

## 4.3 Die bediening moet vanuit 'n holistiese benadering geskied

Min mense kon soos Clinebell (1987:26-31) daarin slaag om die pastorale bediening binne 'n holistiese skopus te kontekstualiseer. Skrifgedeeltes soos Johannes 10:10, Psalm 23 en Psalm 8 dui op die volheid wat God beloof en wat Hy deur sy Gees om Christus ontwil aan sy kerk wil skenk. Die *sjalom* van die Skrif is self ook 'n eskatologiese teken wat vir 'n holistiese benadering tot die bediening rigtinggewend van belang is (Louw, 1984:33).

'n Holistiese bediening het die volgende oogmerke:

* Vanuit 'n Bybelse en gereformeerde antropologie word die mens as 'n eenheids- en verhoudingswese beskou (Bavinck, 1928:493; Heyns, 1978:120; Heyns, 1974:79-127; König, 1991:15-18). Dit impliseer dat die mens van ons tyd begelei moet word om in alle dimensies van sy bestaan volledig mens te wees, 'n oorvloedige lewe te geniet (Joh. 10:10). Om dit moontlik te maak, is 'n geïntegreerde persoonlikheid nodig. Dit beteken dat die volwassenheid in Christus (Louw, 1993:-158-190) nie alleen geestelike groei veronderstel nie, maar ook dat die persoon na die eise van die moeilike omstandighede van sy leefwêreld begelei word om in alle aspekte van sy lewe (huwelik, gesin, werk, algemene mensverhoudings) volwasse te word (Wijngaarden, 1959:77-151). Die mens van ons tyd moet egter ook in al sy lewensuitinge met die bevrydende Woord van God in aanraking gebring word. Volgens Harbaugh (1984:35-36) se holistiese benadering moet die mens teen die agtergrond van sy geskiedenis in sy gevoel, denke, verhoudings en liggaamlike behoeftes tot verantwoordelike keuses begelei word. Deur die Heilige Gees word die mens in staat gestel om oorwinnend die lyding (Louw, 1982:35-38), beproewing en die onoplosbare raaisels van die lewe positief te verwerk om daardeur tot 'n ryper lewenstyl te kom (Overduin, 1967:69) en so die sin van die lewe (met sy positiewe

en negatiewe kurwes) te aanvaar (Wijngaarden, 1959:197-212). Pretorius (1984:41-57) het op verantwoorde wyse die funksie van pastorale sinduiding binne die gereformeerde konteks van die drie-enige God se almag, alwysheid en albestuur geplaas, terwyl die liefde die Christelike hoop laat herleef en die mense in nood in staat stel om te midde van verdrukking geduldig te wees en in gebed te volhard (Rom. 12:12).

* Die versoeningswerk van Christus deur sy kruis en opstanding maak die eskatologiese hoop 'n ope moontlikheid, sodat daar geen hopelose gevalle in die wêreld is nie en die wêreld self nie 'n hopelose geval is nie. Die nuwe toekoms het immers in Hom reeds aangebreek (Moltmann, 1973:38). Vanuit die eskatologie kan 'n teologie van die hoop ons dus help om vreugde oor ons eie bestaan te hê (Rebel, 1981:230-233). Die mens kan volgens Moltmann juis op grond van sy vreugdevolle verwagting nie net *homo laborans* wees nie, maar ook *homo ludens* (Janse van Rensburg, 1979:395-396). Die volheid wat Christus vir ons moontlik kom maak het (Joh. 10:10), laat ons beker oorloop van vreugde (Ps. 23).

* Voorafgaande impliseer verder dat 'n holistiese bediening in ons tyd ook 'n positiewe bediening moet wees. Die *locus classicus* vir 'n positiewe bediening sal Filippense 4:8 wees. Ons word geroep om alles wat waar en mooi en edel en lofwaardig is aan mense te verkondig wat leef te midde van die leuen en alles wat vuil en gemeen en lelik is. Ons sou inderdaad na die voorbeeld van Louw (1984:42-55) van 'n pastoraat as oorwinningsorg kon praat, in die sin dat ons die kwaad deur die goeie moet oorwin (Rom. 12:21).

* 'n Holistiese bediening sal laastens ook aan die totale mens in al sy node aandag moet gee. Volgens Clinebell (1987:31) moet ons daarin slaag om die mens se brein tot nuwe lewe te stimuleer, sy liggaamskragte te help vernuwe, sy intieme verhoudings te help herstel, sy verhoudings met die natuur te bevorder en om groei in sy verhouding met God te stimuleer. 'n Gereformeerde bediening sal ook in besonder daarop gerig moet wees om die persoon se verhouding tot die gemeente as liggaam van Christus te verbeter. Strategiese beplanning in die gemeente is immers mensgeoriënteerde bediening met die oog op gemeentelike inskakeling en groei (Lindgren, 1965:63; De Klerk, 1985:75-83; Hendriks, 1992a:86-89; Hendriks, 1992b:34). Só 'n alles-omvattende bediening het inderdaad verreikende konsekwensies ten opsigte van die uitdagings en geleenthede vir die kerk.

## 4.4 Dit sal 'n bediening van integriteit moet wees

'n Tyd wat deur onegtheid gekenmerk word, vra van die kerk integriteit en geloofwaardigheid. Omdat die kerk in die verlede en tans nog steeds al hoe meer van sy integriteit inboet, en die ontnugtering van talle lidmate daarmee verband hou, sal die kerk 'n toegespitste bediening aan die wêreld bekend moet stel waarin die kerk (algemene en besondere amp) se motiewe nie bevraagteken word nie en sy *modus operandi* nie onder verdenking kom nie. Veral vier tipes integriteit is hier ter sake:

### 4.4.1 Morele integriteit

Die kerk (Bybel) se boodskap behels'n kardinale bekering van hart en lewe. In tye van morele verval sal die kerk werklik 'n alternatiewe gemeenskap moet wees (Burger, 1992:22). Dit veronderstel 'n rein lewe wat getuig van sedelike integriteit en selfbeheersing. Wanneer die geestelike leiers van die kerk hulle egter aan allerlei morele misdrywe skuldig maak, kan verwag word dat die wêreld die kerk se boodskap met sinisme sal bejeën (Stott, 1982:265) – 'n gegewe wat onteenseglik deur die geskiedenis van die prediking bevestig word (Dargan, 1974:109). Die tyd is daarom ryp vir wetenskaplike ondersoeke wat probeer navors waarom al hoe meer ampsdraers en geestelike leiers in die kerk nie deur hulle lewenswandel 'n alternatiewe gemeenskap is nie. Daarbenewens het dit die noodsaak van 'n *pastor pastorum* of 'n alternatiewe stelsel van pastorale ondersteuning vir die pastor opnuut weer in die aandagsveld laat kom. Só 'n ondersteuningsmeganisme vir geestelike leiers behoort die hoogste prioriteit te geniet.

### 4.4.2 Arbeidsintegriteit

Klagtes van ampsversuim sal ook dringend aandag moet geniet. Ampsdraers wat nooit meer huisbesoek doen nie, wat lidmate in siekte en nood aan hulleself (en aan die sektes!) oorlaat, meer by hulle tydverdryf as by die bediening betrokke is en Saterdagaand vinnig 'n boodskap van die Here aan die gemeente aanmekaarflans, word skynbaar 'n algemene verskynsel. Lidmate merk dit ongetwyfeld op en vra kritiese vrae daaroor. Sodoende word die effektiewe bediening van die evangelie geblokkeer.

Ampsdraers en lidmate behoort dus opnuut gewys te word op Calvyn (*Institusie* 3.10.6 – vgl. Calvyn, 1964) se aksent op arbeid as roeping van God. Dit word 'n saak van die gewete wanneer hierdie roeping versaak word (Heyns, 1986:255, 265) en die beloftes wat by die ampsbevestiging teenoor God en gemeente gemaak word, vergeet of geringskat word.

### 4.4.3 Geloofsintegriteit

Die Woordbedienaar se geloof en sy geestelike spiritualiteit moet bo verdenking wees. Wanneer die Woordbedienaar nie vir sy eie geestelike verryking voorsiening maak nie omdat hy 'so besig is', ontstaan 'n wesenlike gevaar dat hy en die gemeente geestelik ondervoed kan wees. Daar is immers 'n verstaanbare en noodsaaklike verband tussen die geestelike vernuwing in 'n gemeente en die geestelike vernuwing van die Woordbedienaar (Lindgren, 1965:89 e.v.; Hendriks, 1992b:28). Tereg skryf Kaptein (1971:58) dat die inisiatief tot vernuwing van die ampte moet uitgaan. Al is dit 'n pynlike proses, moet persoonlike geloofsverval, twyfel en ongehoorsaamheid uit die weg geruim word voordat gemeentelike vernuwing kan plaasvind. In elke gemeente behoort die kerkraad 'n proses van selfondersoek aan die gang te sit en 'n program van geestelike verdieping te inisieer. Kerkrade behoort verder daarop aan te dring dat leraars nie hulle vakansietye onnodig en buite perke moet laat oploop nie en dat geleenthede vir voortgesette opleiding genoegsaam benut word. Sodoende kan gesorg word dat die leraar elke keer nuut en oorspronklik in sy optrede kan wees.

### 4.4.4 Persoonlikheidsintegriteit

Dikwels word gesê: 'Die dominee is ook maar mens.' Inderdaad. Ook die Woordbedienaar kan onder die druk van eise en verwagtings knak. Ook hy kan 'n identiteitskrisis beleef, selfs persoonlikheidsafwykings openbaar wat ernstige skade aan sy bediening en aan die koninkryk kan aanrig. Kruijne (s.j.:240) se bevinding dat intra-psigiese, maatskaplik-kulturele faktore en teologiese denkverskuiwings tot ernstige identiteitsversteurings aanleiding kan gee, behoort tot deegliker besinning en beplanning te lei. Hernude aandag behoort geskenk te word aan kubernetiese herstrukturering van die bediening ten einde die gemeentelike en gesinstressore tot 'n minimum te beperk en so die moontlikheid van uitbranding te voorkom. Die neiging om op 'n obsessief-kompulsiewe wyse (Hawkins, 1990:67) in die gemeente te werk, verraai dikwels 'n bedreigde of swak selfbeeld en 'n behoefte om aanvaar te word. Hendriks (1992b:72) se waarskuwing teen 'n verkeerde benutting van die herder-kuddemodel wat tot uitbranding en gemeentelike vervlakking kan lei, moet dus ernstig geneem word.

Die advies wat Jetro, Moses se skoonvader aan hom gegee het (Eks. 18:13-26), open in hierdie verband belangrike perspektiewe vir 'n vrugbare leierskapstyl (Adams, 1980:350). Ampsdraers moet dus dringend tot die besef gebring word dat leierskap slegs suksesvol kan wees wanneer leiers deur die ampte in die gemeente opgelei moet word (Ef. 4:12; Clinton, 1989:22). So word die leraar

en ampte se arms gesterk, so word die gemeente tot mondige aktiwiteit in Christus deur die Heilige Gees begelei, so word 'n dinamiese impetus aan gemeentebou verleen en so word uitbranding as 'n wesenlike gevaar uitgeskakel.

Steriele leierskap lei egter daartoe dat die dominee in 'n verhoogpersoonlikheid ontwikkel. Rush (1987:17) tipeer so 'n leier as 'n *performer* wat dit geniet om die aandag van die gemeente op sy vaardighede te vestig en komplimente vir sy alleenwyse insette te ontvang. Dit is dan ook hierdie dominee wat die stres van sy bediening nie langer kan hanteer nie en ook nie die teleurstelling oor sy onmondige gemeente kan wegsteek nie. Die resultaat is dikwels dat die leraar sy frustrasie op 'n moraliserende wyse op sy lidmate uithaal. Treffend tipeer Cradock (1979:58) hierdie frustrasie: "Exhausted by his own fruitless efforts, the preacher alternates between writing '*Ichabod*' over their heads and '*Golgotha*' over his own." In byna dieselfde trant verklaar Pearson (1959:117):

> What he cannot accomplish by deeds he tries to bring to pass through words, and unwittingly he identifies the condemnation of his people with salvation for himself. He gets his troubles off his chest – and lays them on the chests of his people.

Dit spreek vanself dat so 'n benadering nie tot stigting en geestelike groei van lidmate kan dien nie.

Verder moet predikante tot selfdifferensiasie in hulle persoonlikheid en bedieningsbenadering aangemoedig word ten einde te voorkom dat hulle aan hulleself onrealistiese verwagtinge stel of toelaat dat die gemeentelike verwagtinge hulle tot persoonsdisintegrasie dryf.

Daarbenewens word die onus op predikante geplaas om dringend werk te maak van latente of ernstige persoonlikheidsafwykings wat hulle by hulleself waarneem. In hierdie verband sal ons ook met steeds toenemende erns moet vra of genoeg gedoen word om die keuring van teologiese studente met betrekking tot persoonlikheidsintegriteit so effektief as moontlik te maak. Daar is immers 'n noue verband tussen die persoon van die prediker en sy bediening. Pearson (1959:70) som dit raak op:

> In the peculiar relationship of the pulpit to the pew it is not likely that a diseased mind will make other minds healthy, that a twisted heart will set other hearts straight, or that an empty soul will fill other souls with strength and peace.

## 4.5 Die bediening moet gebalanseerd wees

Tans word ons tyd deur uiterstes op elke terrein van die lewe gekenmerk. Dit sal 'n fatale fout wees indien die kerk ook aan verabsoluterings skuldig word. Wanneer vernuwing nie prinsipieel verantwoord kan word nie, het dit 'n geneigdheid om in eensydighede te verval. 'n Gebalanseerde bediening moet die volgende eensydighede vermy:

### 4.5.1 'n Psigologiese reduksie of 'n kerugmatiese reduksie van die bediening

Verskeie poimenetici het al gewaarsku teen die gevaar van 'n verpsigologisering van die pastoraat. De Klerk (1978:25) praat van die ontmanteling van die pastor, waardeur die wit das van die amp vir 'n wit jas van die psigiater/ sielkundige verruil word. Trimp (1981:38) is nog meer kras in sy kritiek op Hiltner en die Pastoral Counseling Movement wanneer hy daarop wys dat in die moderne sielsorg niks meer oor sondeskuld gehoor word nie, vergewing tot aanvaarding omgebuig word, tug nie meer nodig is nie en die sielsorg sonder die Bybel floreer. Selfs Louw (1984:11) wat poog om die saak vir Hiltner op te neem, erken dat sy eduktiewe model die gevaar loop om 'n non-direktiewe benadering te word wat op Rogers se kliëntgesentreerde lees geskoei is.

Die ander uiterste van verabsolutering kan egter net soveel skade aanrig. 'n Kerugmatiese reduksie van die evangelie, soos in klassieke trant by Adams (1973:1-19; 105-127) aangetref word, gaan in 'n tydsgewrig waarin affektiewe steurnisse toeneem, op 'n naïewe wyse voort om moontlike ernstige probleme op psigologiese vlak met noutetiese vermaning, Skriflesing en gebed te hanteer terwyl die persoon dringende professionele hulp nodig mag hê. Die gevaar van albei uiterstes is al meermale uitgewys (Hielema, 1975:230-259; De Klerk, 1981:8-14). Die Woordbedienaar durf nie sielkundige 'speel' en sodoende sy primêre funksie as intermediêr vir die koms van God via die Woord (Firet) inboet nie. Die leraar sal egter ook met die nodige kennis toegerus moet wees om tot 'n voorlopige diagnose van 'n latente of gemanifesteerde patologie in staat te wees ten einde 'n individuele en/of gesinskatastrofe te vermy. Dit is daarom goed dat aan die UOVS soveel belangstelling in die M.Th. (krisispastoraat) is, maar dit is eweneens belangrik om te onthou dat die pastoraat veel meer as krisispastoraat behels. Die verleiding is inderdaad wesenlik om die bediening in krisispastoraat te laat opgaan en die hele dag 'n spreekkamer te beman. Dit is egter dié soort eensydigheid wat die bediening vandag nie kan bekostig nie.

### 4.5.2 'n Rasionalistiese reduksie of 'n affektiewe reduksie van die bediening

Die geskiedenis toon dat die kerk dikwels tussen die twee pole van 'n sterk intellektueel-geörienteerde en 'n subjektivisties-gevoelsmatige bediening beweeg het. Die streng dogmatistiese prediking onder invloed van die *Aufklärung* het tot dié teenreaksie gelei dat 'n gevoelsmatige en moraliserende appèl tot bekering, sonder die evangeliese woord van bevryding en vergifnis, aan die orde van die dag was (Janse van Rensburg, 1991:62-71). Ons mag nie weer dieselfde fout maak nie. Teen die agtergrond van die toenemende gewildheid van die charismatiese beweging, met sy sterk klem op die emosionele belewing van die geloof en godsdiens, moet die gereformeerde bediening enersyds daarteen waak om nie uit vrees dat hy sy lidmate na die charismatiese groepe sal verloor, ook 'n emosioneel-belaaide bediening (prediking, liturgie, pastoraat) slaafs na te volg nie. Andersyds sal die kerk kennis moet neem van die behoefte by lidmate om meer emosioneel-ekspressief aan hulle geloof uiting te gee. Die uitdaging vir die kerk vandag is om die korrekte balans tussen gereformeerde bestendigheid en emosionele ekspressie te vind. Die heerlike waarhede van die geloof, soos dit in die gereformeerde leer verwoord is, gee genoeg ruimte vir 'n opregte maar beheerste *belewing* van die geloof. In elke gemeente behoort 'n dinamiese gereformeerde spiritualiteit in hierdie dringende behoefte by lidmate te kan voorsien (Strauss, 1995:2).

### 4.5.3 Herderlike reduksie of gemeentelike reduksie van die bediening

Dit is jammer dat ons geneig is om dikwels keuses te maak en as gevolg daarvan in eensydigheid verval. Moontlik *het* 'n verkeerde verstaan of toepassing van die herder-kuddemodel in die verlede tot gemeentelike passiwiteit aanleiding gegee. Ongetwyfeld het die aksentuering van die liggaammodel 'n noodsaaklike korrektief gebring. Nogtans is dit jammer dat in vele teologiese en gemeentelike benaderings die liggaammodel die herdermodel vervang het. Soms word die skuld vir gemeentelike agteruitgang op 'n ongenuanseerde wyse vierkantig voor die deur van die herder-kuddemodel gelê (Hendriks, 1992b:24; L. Heyns, 1993:132-133) terwyl dit eerder 'n eensydige *hantering* van die model is wat die gemeente skade aandoen. Tereg wys Hendriks (1987:1-3) daarop dat albei metafore voordele en beperkinge het; daarom is dit noodsaaklik dat die een deur die ander aangevul moet word. Aangesien albei Bybelse metafore is, mag die een eenvoudig nie ter wille van die ander verdwyn nie.

### 4.5.4 'n Moralistiese of 'n 'gebruikersvriendelike' reduksie van die evangelie

Die geskiedenis van die prediking het getoon watter belangrike rol moralisme in die verkondiging van die kerk gespeel het (Janse van Rensburg, 1991:28-83). Moralisme het inderdaad daartoe gelei dat die goeie tyding van God se genade deur 'n sterk veroordelende boeteprediking oorheers is, 'n verskraling wat tot noodwendige nadelige gevolge gelei het. Ongelukkig het vrees vir moralisering weer daartoe gelei dat die kerugma uit die verkondiging verdwyn het (Stott, 1982:158) en die morele appèl (etiese verkondiging) deur talle predikers vermy is (Janse van Rensburg, 1991:81-83). Die verleiding om die gemeente in 'n gebruikersvriendelike verkondiging (Bowie, 1954:148) goed oor hulleself te laat voel, het die plek ingeneem van 'n verantwoordelike wetsverkondiging wat gestalte moes gee aan die dankbaarheid vir God se volmaakte verlossing (derde deel van die Heidelbergse Kategismus).

In 'n tyd van morele verval en aanduidings dat dit moontlik nog erger gaan word, mag die kerk nie in een van die uiterstes van moralisme of versuim tot etiese verkondiging verval nie. Lidmate wil graag leiding oor etiese aangeleenthede hê om hulle in hulle lewenstyl en daaglikse beslissings te begelei. Die verband en interaksie tussen regverdigmaking en heiligmaking moet duidelik en ondubbelsinnig aan die gemeente deurgegee word. Dit moet dan vanuit die onderskeie grondmotiewe vir etiese verkondiging (Janse van Rensburg, 1991:86-145) gestruktureer word ten einde die verleiding van moralisering te vermy.

### 4.5.5 'n Stagnante reduksie of 'n vernuwingsreduksie van die bediening

Vanweë verskillende faktore skep omstandighede in ons tyd 'n goue geleentheid om in die uiterstes van stagnering of 'n vernuwingsobsessie te verval. Waar 'n leraar reeds lank in 'n gemeente diens doen en die kerkraad en gemeente onder sy leiding in 'n vrugtelose stagnering verval het, kan die ganse gemeente maklik vanweë 'n gebrek aan entoesiasme en ondernemingsgees aan geestelike letargie ly. Hierdie wesenlike gevaar plaas 'n groot verantwoordelikheid op die leraar wat nie meer beroepe kry nie om met 'n innoverende benadering telkens nuwe impetus in sy gemeente te inisieer en die gemeente op te skerp om self ook innoverend by die koms van die koninkryk betrokke te wees.

Daar is egter ook 'n wind van verandering wat deur die wêreld waai – 'n gesindheid wat elke vorm van tradisie bevraagteken en ongekende en voorheen ondenkbare veranderings onafwendbaar maak. Ook die kerk het nie aan

hierdie gees van verandering ontkom nie. Vernuwing is altyd nodig, maar wanneer dit om 'n obsessiewe najaag van vernuwing gaan wat veronderstel dat alles wat oud is, uitgedien is en alles wat nuut is, ware en blywende vernuwing bring, word 'n gevaarlike weg opgegaan (Te Velde, 1992:33 e.v.). Teenoor die moderne slagspreuk van vernuwing deur herstrukturering en herorganisering geld die noodsaaklikheid tot herontdekking van die Bybelse beginsels ten grondslag van die gemeentelike bediening (De Klerk, 1985:64-65). Die konsep van gemeentebou as 'n bykomende en andersoortige bediening *naas die verkondiging, kategese en pastoraat*, gefundeer in die vindingrykheid van allerlei tegnieke, strukture en projekte kan juis tot 'n gees van eksperimentele vernuwingsug aanleiding gee (Nel, 1995:8). Hendriks (1992b:94-102) struktureer dan juis die gemeentelike vernuwing vanuit die standaardwerksaamhede van erediens, verkondiging, liturgie, kategese en herderlike versorging. Die uitdaging lê dus nie vir ons daarin om bestaande bedieningstrukture te vervang nie, maar eerder om die Godgegewe bedieningsbeginsels in veranderde omstandighede te kontekstualiseer.

## 5. Samevatting

Die tyd waarin ons tans geroep word om kerk van Jesus Christus te wees, bied opwindende nuwe uitdagings en geleenthede. Samevattend kan ons sê dat die mens van ons tyd behoefte het aan 'n Godsbeeld wat by die vrae en nood van sy bestaan aansluiting vind. Hy wil die Bybelse waarhede ervaar en die mensheid van Christus in sy eie situasie beleef (Noordgraaf & Romein, 1981:11-13). Die kerk moet hom hierin begelei en mag nie toelaat dat institutêre strukture daartoe lei dat die lidmaat met sielswroeginge rondloop wat hy bevrees is om uit te spreek nie (Straver, s.j.:20-26). Nuwe omstandighede (werkloosheid, Vigs, kerkvervreemding en antagonisme teen God, die teodisee, ensovoorts) sal klemverskuiwings noodwendig maak (Noordgraaf & Romein, 1981:14-21). Die kerk sal in die aangesig van nuwe uitdagings *ab initio* moet nadink oor hoe hy die Goddelike opdrag, soos dit in die gereformeerde leer en die diakoniologiese vertrekpunt verstaan word, in 'n effektiewe en toegespitste bediening moet struktureer (Müller, 1954:42-44). Die antwoord mag egter nie in nuwe programme van aksie *per se* gesoek word nie. Tereg waarsku Hendriks (1992a:124) dat strategiese beplanning maklik van die kerk 'n organisasie kan maak en die organisme-kenmerk van die kerk kan relativeer. Immers, dit is juis die organiese vermoë tot groei in die Liggaam van Christus wat transformasie moontlik maak (Richards, 1975:16-24).

Samevattend kan ons tot die volgende konklusie kom: 'n Radikale en innoverende implementering van die gereformeerde ampsbediening is vandag vir 'n toegespitste bediening onontbeerlik.

## Bronneverwysings

ADAMS, JAY E. 1973. Competent to Counsel. Nutley : Presbyterian and Reformed Publishing Co.

ADAMS, JAY E. 1980. Shepherding God's Flock. New Jersey : Presbyterian and Reformed Publishing Co.

ALLAN, T. 1958. Er is werk aan de kerk. Kampen : Kok.

ALLEN, J.J. 1986. The Ministry of the Church. New York : St Vladimir's Seminary Press.

BAVINCK, H. 1928. Gereformeerde dogmatiek. Deel 1 en 2. Kampen : Kok.

BERKOUWER, G.C. 1967. De Heilige Schrift. Deel 2. Kampen : Kok.

BOWIE, W.R. 1954. Preaching. New York : Abingdon Press.

BRITZ, R.M. 1995. Is die vernuwing in die N.G. Kerk regtig Bybels? *Die Kerkbode*, 16:7, Jun.

BURGER, C. 1992. Die veranderende samelewingsituasie in Suid-Afrika. (*In* Hendriks, J. *red.* Gemeentes vertel. Kaapstad : Lux Verbi. p. 11-22.)

CALVYN, J. 1964. Institutes of the Christian Religion. Grand Rapids : Eerdmans.

CLINEBELL, H. 1987. Basic Types of Pastoral Care and Counseling. Nashville : Abingdon Press.

CRADOCK, F.B. 1979. As One Without Authority. Nashville : Abingdon Press.

CLINTON, J.R. 1989. The Making of a Leader. Colorado : NAV Press.

DARGAN, E.C. 1974. A History of Preaching. Vol 1. Michigan : Baker Book House.

DE KLERK, J.J. 1976. Die weldadigheid en mededeelsaamheid. Pretoria : NG Kerkboekhandel.

DE KLERK, J.J. 1978. Herderkunde. Pretoria : NG Kerkboekhandel.

DE KLERK, J.J. 1981. Pastoraat en die ander "Pastorale" wetenskappe. Bloemfontein : UOVS. Professorale intreerede.

DE KLERK, J.J. 1985. Verbond en bediening. Kaapstad : NG Kerk Uitgewers.

ERASMUS, L.M. 1995. Sola Ecclesia?: 'n Kritiese verantwoording van die kerkbegrip van die gemeentebouteologie in die Ned. Geref. Kerk. Bloemfontein : UOVS. (D.Th-proefskrif.)

FIRET, J. 1977. Het agogisch moment in het pastoraal optreden. Kampen : Kok.

GIBBS, E. 1981. I Believe in Church Growth. London : Hodder and Stoughton.

GRAAFLAND, C. 1961. De zekerheid van het geloof. Wageningen : Veenman & Zonen.

HARBAUGH, G.L. 1984. Pastor as Person. Minneapolis : Augsburg Publishing House.

HAWKINS, D. *ed.* 1990. Before Burnout: Balanced Living for Busy People. Chicago : Moody Bible Institute.

HENDRIKS, J. 1987. 'n Teologies-prinsipiële begronding vir die opbou van die gemeente. (*In* Smuts, A.J. *red.* Praktiese Teologie in Suid-Afrika 2. Pretoria : NG Kerkboekhandel. p. 1-25.)

HENDRIKS, J. 1992a. Strategiese beplanning in die gemeente. Wellington : Hugenote-Uitgewers.

HENDRIKS, J. *red.* 1992b. Gemeentes vertel. Kaapstad : Lux Verbi.

HEYNS, J.A. 1974. Die mens. Bloemfontein : Sacum.

HEYNS, J.A. 1978. Dogmatiek. Pretoria : NG Kerkboekhandel.

HEYNS, J.A. 1986. Teologiese Etiek Deel 2/1. Pretoria : NG Kerkboekhandel.

HEYNS, L. 1993. Bestuur van die gemeente as organisasie van vrywilligers. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 8(2):126-136.

HIELEMA, J.S. 1975. Pastoral or Christian Counseling. Leeuwarden : De Tille.

HOEKENDIJK, J.C. 1964. De kerk binnenste buiten. Amsterdam : Ten Have.

JANSE VAN RENSBURG, J. 1979. Die herwaardering van revolusie in die moderne teologiese sosiale etiek. 'n Kritiese studie. Stellenbosch : US. (D.Th-proefskrif.)

JANSE VAN RENSBURG, J. 1986. Rhema. Voorspoed of versinsel? Pretoria : NG Kerkboekhandel.

JANSE VAN RENSBURG, J. 1991. 'n Kritiese ontleding van moralisme in die prediking. Bloemfontein : UOVS. (D.Th-proefskrif.)

KAPTEIN, R. 1971. De gemeente en de toekomst. 's-Gravenhage : Boekencentrum.

KARRES, D.J. 1969. De gemeente en haar diakonaat. 's-Gravenhage : Boekencentrum.

KÖNIG, A. 1991. Bondgenoot en beeld. Halfweg-huis : NG Kerkboekhandel.

KRUIJNE, T. s.j. De pastor en zijn identiteit in het geding. s.u.

KUYPER, A. 1927. Het werk van den Heiligen Geest. Kampen : Kok.

LA CUGNA, C.M. 1991. God for Us: The Trinity and Christian Life. Philadelphia : Fortress Press.

LINDGREN, A.J. 1965. Foundations for Purposeful Church Administration. Nashville : Abingdon Press.

LOUW, D.J. 1980. Die stad in die mens. Pretoria : NG Kerkboekhandel.

LOUW, D.J. 1982. Pastoraat en lyding. Teologie Aktueel nr 1. Kaapstad : NG Kerk Uitgewers.

LOUW, D.J. 1984. Pastoraat in eskatologiese perspektief. Teologies Aktueel nr 3. Kaapstad : NG Kerk Uitgewers.

LOUW, D.J. 1992. Die ontwerp van 'n Prakties-Teologiese ekklesiologie vir gemeentebou. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 7(2):119-136.

LOUW, D.J. 1993. Pastoraat as ontmoeting. Ontwerp vir 'n basisteorie, antropologie, metode en terapie. RGN-Studies in Praktiese Teologie. Pretoria : Sigma-Pers.

MARAIS, E.J. 1969. Pastorale sorg aan die mens in die bedryf. Roodepoort : Christelike Uitgewersmaatskappy.

MOLTMANN, J. 1973. The Gospel of Liberation. Texas : Word Books Publishers.

MÜLLER, E. 1954. De wereld is anders geworden. De weg der kerk in de 20ste eeu. Franeker : Wever.

NEL, M. 1993. Gemeentebou: Dinamiese kragte in die vernuwingsproses. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 8(2):115-125.

NEL, M. 1995. Malan Nel verwonder hom oor God. *Die Kerkbode*, 16:8, Jun.

NOORDGRAAF, A. & Romein A. 1981. Christelijke hulpverlening in een veranderende tijd. 's-Gravenhage : Uitgeverij Boekencentrum.

OVERDUIN, J. 1967. Worden als een man. Wageningen : Gebr. Zomer & Keunings.

PEARSON, R. 1959. The Ministry of Preaching. New York : Harper & Brothers Publishers.

PRETORIUS, W.W. 1984. Die aspek van sinduiding in die pastorale gesprek. Bloemfontein : UOVS. (M.Th-verhandeling.)

REBEL, J.J. 1981. Pastoraat in pneumatologisch perspektief. Kampen : Kok.

RICHARDS, O.L. 1975. A Theology of Christian Education. Michigan : Zondervan Publishing House.

ROSSOUW, P.J. 1983. Grondlyne van 'n pastorale model: Gerben Heitink. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

RUSH, M. 1987. The New Leader. Wheaton : Victor Books.

SMUTS, A.J. 1982. Die kerk se diens van barmhartigheid in stedelike konteks. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 23 (3):270-285.

SMUTS, M., OLIVIER, G.S. & SCHOEMAN, W.J. 1993. Kerkspieël IV. Verslag van die vierde wetenskaplike opname van die N.G. Kerk in Maart 1993 in opdrag van die Algemene Sinode.

STOTT, J.R.W. 1982. I Believe in Preaching. London : Hodder & Stoughton.

STRAUSS, M.U. 1995. Die inrigting van die erediens in 'n makro-gemeente binne 'n gereformeerde liturgiese tradisie. Bloemfontein : UOVS. (D.Th-proefskrif.)

STRAVER, C.J. s.j. Een andere tijd vraagt een andere kerk. Hilversum : Uitgeverij Paul Brand.

TE VELDE, M. 1992. Gemeenteopbouw 1. Barneveld : De Vuurbaak.

THERON, P.F. 1978. Die ekklesia as kosmies-eskatologiese teken. Pretoria : NG Kerkboekhandel.

TRIMP, C. 1981. Media Vita. Groningen : De Vuurbaak.

VAN RIESSEN, Ir. H. 1973. De maatschappij der toekomst. Franeker : Wever.

VELEMA, W.H. s.j. Herleving van de natuurlijke ethiek tegen de achtergrond van de secularisatie. Kampen : Kok.

WIERSENGA, W.A. 1952. Gods werk in ons. Kampen : Kok.

WINTER, G. 1963. The New Creation as Metropolis. New York : The Macmillan Company.

WIJNGAARDEN, H.R. 1959. Hoofdproblemen der volwassenheid. Utrecht : Bijleveld.